

Januarie 2015

Nuusbrief

Geagte Ouers/Voogde

*Experience is one thing you can't get for nothing – Oscar Wilde.***1. Boodskap van die Hoof**

Ons hoop en vertrou dat u 'n wonderlike vakansie gehad het en uitsien na 2015 met al sy uitdagings.

Ons verwelkom ons nuwe leerders en ouers by die skool en hoop hulle gaan baie gelukkig wees.

Ons is bevoorreg om 'n paar nuwe personelede te verwelkom. By die hoërskool Me Fransisca Langeveld, Me Lindie Coetzer en Me Jasmyn Pretorius wat ook vir die jaar aangestel is nadat sy verlede jaar hier afgelos het.

By die laerskool Me Marlou van de Venter en Me Jeanette Badenhorst (aflos vir Me Lauré Pretorius wat met kraamverlof is).

By die spraakterapeute Me Elzeth van der Westhuizen en Me Joanne Rossouw.

Ons beste wense gaan met hulle in 2015 en ons hoop hulle gaan baie gelukkig wees by Lanternskool. Welkom terug ook aan ons huidige leerders en personeel.

2. Graad 12-uitslae

Ons sê baie geluk aan die klas van 2014 met hulle uitstekende uitslae. Die graad 12-klas het 'n slaagsyfer van 97,4% met slegs een leerder wat gedruip het. Die groep het presteer en behaal 7 universiteitstoelatings, 4 onderskeidings en 26 leerders wat kwalifiseer vir diploma studies. Ons beste wense vergesel die leerders op hulle pad vorentoe.

3. Belangrike datums

19/01/2015	Grondslagfase Ouer- en inligtingsaand 18:00
20/01/2015	Hoërskool Ouer- en inligtingsaand 18:30
21/01/2015	Intermediêre fase Ouer- en inligtingsaand 18:30
22/01/2015	Graad 12 Ouer- en inligtingsaand 18:30
24/01/2015	Laerskool (graad 1 – 6) Sportdag
05/02/2015	Akademie Prysuitdeling Graad 8 – 12 18:30

4. Gedragkode

Ons versoek dat leerders by die gedragkode van die skool sal hou. Leerders mag slegs die voorgeskrewe skooldrag dra. Hare moet volgens die gedragkode gesny wees. Skoene en juweliersware (by dogters) moet volgens die reëls wees. Ek vra dat ouers sal toesien dat hulle kinders elke dag (ongeach die weer) die korrekte skooldrag sal dra.

Ons wil graag hê dat ons leerders in die hoërskool 'n baadjie en das dra. Hulle netheid is vir ons baie belangrik. Dit skep ook 'n trots by hulle. Ons wil graag vergelyk word met die top skole in ons omgewing en wil nie afsteek wat ons voorkoms aanbetref nie.

5. Grondslagfase (Graad 1 – 3)

Grondslagfase se Inligtingsaand word gehou op 19 Januarie 2015 in die skoolsaal om 18:00. Ons versoek dat ouers dit asseblief sal bywoon.

6. Voedingskema:

Ons het 'n voedingskema by ons skool vir behoeftige leerders. Ons voorsien daagliks aan behoeftige leerders toebroodjies wat deur onderwysers gemaak word. Hou dit asseblief in gedagte wanneer u weer kruideniersware koop, 'n ekstra grondboontjebotter, kaassmeer, margarien of brood in die trollie vir die voedingskema, sal opreg waardeer word! Alle donasies kan na Me Hunter gestuur word.

7. Kosblikke

Maak asseblief seker dat die kos wat daagliks in u kind se kosblik gepak word, gesonde keuses is. Vermyn kos en koeldrank wat baie kleurstowwe en preserveermiddels bevat. Beperk die skyfies, lekkers en koekies en pak liever kos in wat konsentrasie in die klaskamer bevorder. Ons sien dikwels leerders wat reeds voor skool lekkers en skyfies eet.

8. Skoolfonds

Die skoolfonds vir 2015 is R7820 per kind. **LET WEL:** skoolfonds is vooruitbetaalbaar.

Maak asseblief seker dat u die korrekte verwysingsnommer gebruik wanneer u skoolfonds betaal. **LANTERNSKOOL OF SKOOLFONDS IS NIE AANVAARBAAR NIE.**

9. Busvervoer

Die busfoeie vir 2015 is verhoog. Nuwe foeie vir 2015 is as volg:

Roete	Bedrag in 2014	Nuwe bedrag vir 2015
A	R440	R500
B	R510	R580
C	R560	R640
D	R630	R720

LET WEL: busgeld is vooruitbetaalbaar. Indien busgeld nie op datum betaal is nie, sal die leerder NIE op die bus toegelaat word nie.

Maak asseblief seker dat u die korrekte verwysingsnommer gebruik wanneer u busgeld betaal. **LANTERNSKOOL OF BUSGELD IS NIE AANVAARBAAR NIE.**

10. 2015 Atletiek datums

4 Februarie GAVBO Prestige byeenkoms te Sasolburg
19 Februarie GAVBO Oos/Wes byeenkoms te Sasolburg
23 Februarie GAVBO Noord/Suid Gauteng byeenkoms te Sasolburg

11. Huissport/Boeresport

Kom geniet ons huissport van Graad 1 – 6 op die 24ste Januarie 2015 by Lanternskool se sportgronde. Alle leerders en hulle ouers is welkom.

Tyd: 7:30 tot ± 12:30
Plek: Lanternsportgronde

Almal (ouers en leerders) gaan deelneem, kom geniet die dag saam met ons.

Vriendelike groete

**T GROENEWALD
HOOF**

**A NIEHAUS
ADJUNKHOOF**

January 2015

Newsletter

Dear Parents/Guardians

*Experience is one thing you can't get for nothing – Oscar Wilde***1. Message from the principal**

We trust that you have all had a wonderful holiday and are looking forward to 2015 and its challenges.

We welcome all new learners and parents to the school and hope that you will be very happy here.

We are privileged to welcome the following new staff members: High school: Ms Fransisca Langeveldt, Ms Lindie Coetzer and Ms Jasmyn Pretorius who has also been appointed after being a substitute teacher in 2014.

In Primary School: Ms Marlou van de Venter and Ms Jeanette Badenhorst (substitute for Ms Lauré Pretorius who is on maternity leave).

Speech therapists Ms Elzeth van der Westhuizen and Ms Joanne Rossouw.

Our best wishes accompany them during 2015 and we hope they will be very happy at Lantern School.

A hearty word of welcome to all current learners and staff.

2. Grade 12 results

Congratulations to the Gr 12 class of 2014 on their excellent results! They achieved a 97,4% passed rate with only 1 learner rewriting. They also achieved 7 university exemptions and 4 distinctions, as well as 26 learners qualifying to study for diplomas. Our best wishes accompany them in their future ventures.

3. Important dates

19/01/2015	Foundation Phase Parents and info evening 18:00
20/01/2015	High School Parents and info evening 18:30
21/01/2015	Intermediate Phase Parents and info evening 18:30
22/01/2015	Grade 12 Parents and info evening 18:30
24/01/2015	Primary School (grade 1 – 6) Sport day
05/02/2015	Academic Prize giving Grade 8 – 12 18:30

4. Code of conduct

We request that learners adhere to the code of conduct at all times. They may only wear the prescribed school uniform. Hair, shoes & jewellery should all be as per code of conduct. Strict supervision by parents is requested to ensure learners are dressed in prescribed school uniform at all times, regardless of the weather.

High school learners are required to wear a tie and a blazer. Neatness is of utmost importance and learners should be encouraged to take pride in their appearance. We are

striving to create an image of discipline and excellence through our learners appearance and conduct, so as to rival the top schools in our district.

5. Foundation Phase (Grade 1-3)

Foundation Phase Information Evening is to be held on 19 January 2015 in the School hall at 18:00 pm. Please do try to attend.

6. Feeding Scheme

We run a feeding scheme at our school for the needy learners. They are given sandwiches on a daily basis, made by the teachers. Please could your bear this in mind when you go shopping ... just pop in extra peanut butter, cheese spread, margarine or bread into your trolley for the scheme – it would be so appreciated! All donations can go to Ms Hunter.

7. Lunch Boxes

Please choose the type of food wisely that you pack into your child's lunch box on a daily basis. We often see the learners eating sweets and chips before school has begun! Avoid: chips, sweets, cooldrinks and biscuits. Healthy options: Nuts, fruit, biltong Low GI bread, cheese yoghurt and water.

8. School fees

The school fees for 2015 are R7820 per child. **PLEASE NOTE:** school fees are payable in advance.

Please ensure that the correct reference number (as per registration) is used when making payments. **LANTERN SCHOOL OR SCHOOL FEES** is unacceptable.

9. Bus levies

The bus levies for 2015 have been increased. The new fees are as follows:

Bus route	Amount in 2014	New amount 2015
A	R440	R500
B	R510	R580
C	R560	R640
D	R630	R720

PLEASE NOTE: bus levies are payable in advance. If bus levies are not paid up to date, the learner/s will not be allowed on the bus.

Please ensure that the correct reference number (as per registration) is used when making payments. **LANTERN SCHOOL OR SCHOOL FEES** is unacceptable.

10. Interhouse Meeting/Boeresport

Come and enjoy our inter house meeting from Grade 1-6 on the 24th January 2015 at Lantern School. All learners and their parents are welcome.

Time: 7:30 (until ±12:00-12:30)

Place: Lantern

Everybody (parents and learners) will be participating , come and enjoy the day with us.

11. Athletics dates

4 February	GAVBO Prestige meeting at Sasolburg
19 February	GAVBO East/West meeting at Sasolburg
23 February	GAVBO North/South Gauteng meeting at Sasolburg

Kind regards

T GROENEWALD
PRINCIPAL

A NIEHAUS
DEPUTY PRINCIPAL